Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2019

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 80**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

- Spel- en taalfoute word NIE gepenaliseer NIE omdat die fokus op begrip is.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word GEEN punt toegeken vir JA / NEE, EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE / WAAR / ONWAAR of FEIT / MENING nie. Die rede / motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee ŉ volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE / DRIE feite vereis word en ŉ reeks word gegee, word SLEGS die eerste TWEE / DRIE nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN / OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

## VRAAG 1: ARTIKEL (TEKS A)

### TEKS A: BOELIES OP SOSIALE MEDIA

[Verwerk en aangepas uit http://ciskano1.com/pietventer/boelies.html/ https://jougesin. solidariteit.co.za /hanteer-jou-kind-se-kuberboelie/]

| VR. | ANTWOORD | | PUNT |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Internetboelies/boelies op sosiale media | | (1) |
| 1.2 | Boeliery/boeliegedrag het (heel waarskynlik) by skole/op skoolterreine begin.<br>Aan die begin het ons boelies net by skole/op skoolterreine gevind. | | (1) |
| 1.3 | emosioneel | | (1) |
| 1.4 | Daagliks | | (1) |
| 1.5 | Afgunstig/nydig/koelbloedig/vieslik/jaloerse optrede/iets doen wat ŉ persoon seermaak/sleg laat voel/probeer om iemand se naam af te breek.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde.)* | | (1) |
| 1.6 | 1.6.1 | Figuurlik | (1) |
| | 1.6.2 | Om ŉ goeie naam sleg te maak/iemand belaster/iemand se naam skend.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde.)* | (1) |
| 1.7 | D / sê dat boeliery nie ernstig opgeneem moet word nie. | | (1) |
| 1.8 | depressief raak/skoolwerk kan daaronder ly/sielkundige skade doen/minderwaardigheidsgevoel ontwikkel/emosioneel ly/wegbly van die skool.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde.)* | | (2) |

| | | |
|---|---|---|
| 1.9 | Nee:<br>Dit skend hulle privaatheid.<br>Dit is kinders se reg om ŉ keuse te hê van watter webtuistes hulle wil besoek.<br>Ouers moet hul kinders vertrou.<br><br>Ja:<br>Kinders (is ondersoekend en) besoek verkeerde webtuistes.<br>Ouers moet hul kinders beskerm.<br>Ouers moet hulle kinders teen die gevare van sosiale media bewus maak.<br>*(Of soortgelyk binne konteks.)* | (1) |
| | | |
| 1.10 | Jy kan die persoon vertrou om dit verder te vat/iets kan aan die probleem gedoen word/persoon kan raad gee/help om die boeliegedrag te stop.<br>*(of soortgelyk)* | (1) |
| | | |
| 1.11 | Hy raak meer persoonlik.<br>Dreigemente kan gevaarliker/erger raak.<br>Hy kan begin met afpersing.<br>Hy raak meer seksueel.<br>Hy kan die familie begin teiken.<br>*(Of soortgelyk binne konteks)* | (1) |
| | | |
| 1.12 | Hulle sal hulle nie ook skuldig aan soortgelyke/boeliegedrag maak nie.<br>*(Aanhaling met of sonder die aanhalingstekens word ook aanvaar.)* | (1) |
| | | |
| 1.13 | "vervolg word"<br>*(Kandidate word nie gepenaliseer as dit nie tussen aanhalingstekens geskryf is nie.)* | (1) |
| | | |
| 1.14 | 1.14.1 C / Sien sosiale media as ŉ wapen | (1) |
| | | |
| | 1.14.2 A / Hoef nie skaam te voel nie. | (1) |
| | | |
| | 1.14.3 B / Nie bedoel om iemand seer te maak nie | (1) |
| | | |
| 1.15 | "Gaan dadelik met enige bewys na die polisie." | (1) |
| | | |
| 1.16 | Die probleem lê by die boelie/die probleem lê nie by die kind nie. | (1) |
| | | |
| 1.17 | Die slagoffer/die persoon wat geboelie word. | (1) |
| | | |
| 1.18 | As jy eendag vir ŉ werk aansoek doen, kan jou (negatiewe) rekords nagegaan word.<br>Jy kan ŉ kriminele rekord kry.<br>Dit kan as bewyse in die hof gebruik word.<br>Dit kan as ŉ rekord gesien word wat negatief teen jou kan tel (ook in jou vriendekring). | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 1.19 | Om familie en vriende bymekaar te bring/met familie en vriende te kommunikeer/kontak te maak. | (1) |
| | | |
| 1.20 | Nee. | (1) |
| | | |
| **TEKS B** | | |
| | | |
| 1.21 | Hulle eet nou (baie) gemorskos/sjokolade/hamburgers/roomys/tjips/skyfies/ drink baie koeldrank/oefen nie/spandeer baie tyd op hul selfone/rekenaars/ tablette. | (1) |
| | | |
| 1.22 | Die gewig van die kind(ers)/hoe swaar die kind(ers) is/na die kind(ers) wat vetter geword het/wat die kind(ers) weeg. | (1) |
| | | |
| 1.23 | Fiets gery/sokker/krieketbal/bofbal/gespeel<br>aan sport deelgeneem<br>vrugte/gesond geëet. | (1) |
| | | |
| 1.24 | Die (seun se) gesigsuitdrukking/mond wys hy lyk treurig/ongelukkig is/sy hande op sy heupe/lyftaal. | (1) |
| | | |
| 1.25 | Dat kinders deesdae ongesond eet/baie gemorskos eet/kinders in die ou dae gesonder geëet het. | (1) |
| | | |
| 1.26 | Hulle is nie in skool/skoolwerk geïnteresseerd nie/hulle is lui/hulle wil nie leer nie/dat hulle heeldag met hulle rekenaars en selfone besig is. | (1) |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING (TEKS C)

**ALGEMEEN**

- Kandidate moet volsinne skryf. Indien 'n werkwoord kort, is dit nie meer 'n volsin nie.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting volgens die getal woorde wat dit voorstel getel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne van die paragraaf nagesien.

**LET DAAROP DAT DIE OPSOMMING MEER AS EEN MOONTLIKHEID BINNE 'n PARAGRAAF BEVAT. DIE NASIENER MOET DUS NOUKEURIG LEES!**
**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR NIE-DIREKTE AANHALINGS:**

**Die hoofgedagte moet in 'n volsin aangebied word.**

**Punte**

1–3 feite korrek – 1 punt
4–5 feite korrek – 2 punte
6–7 feite korrek – 3 punte

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR DIREKTE AANHALINGS:**

**Die hoofgedagte moet in 'n volsin aangebied word.**

**Punte**

6–7 aanhalings – geen punte vir taal
1–5 aanhalings – 1 punt vir taal

**LET WEL:**

**Woordtelling:** Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.

**<u>Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.</u>**

Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

- **Indien die maksimum woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die maksimum woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.**

**VRAAG 2**

**TEKS C: OUERS KAN VOORKOM DAT HULLE KINDERS NIE AFGESKEEP WORD NIE!**

[Verwerk en aangepas http://pd.voortrekkers.org.za/pdf/Artikels/OUERSKAP.pdf.]

**LET WEL:** Kandidate moet sewe wenke gee oor hoe **ouers kan voorkom dat hulle kinders nie afgeskeep word nie!**

| DIREKTE AANHALING | EIE WOORDE |
|---|---|
| **1. Kinders moenie toegelaat word om heeldag binne te sit en elektroniese speletjies te speel nie.** | 1. Moenie TV- en rekenaarspeletjies vir die kinders koop om hul mee besig te hou nie. **OF** Ouers moet sorg dat kinders nie heeldag elektroniese speletjies speel nie. |
| 2. **Ouers kan interessante aktiwiteite uitdink wat hulle saam met hulle kinders kan doen.** | 2. Doen (interessante) aktiwiteite saam (met die/jou/hul) kinders. |
| 3. As **ouers ook hul kinders se vrae beantwoord,** sal hulle veilig en benodig voel. | 3. Beantwoord die kinders se vrae. |
| 4. **Dit is baie belangrik dat ouers 'n goeie voorbeeld en rolmodel vir hulle kinders moet wees.** | 4. Wees 'n rolmodel/voorbeeld vir die kinders. |
| 5. **Daarom is dit belangrik dat kinders moet speel en hulle verbeelding gebruik.** | 5. Ouers moet kinders laat speel/hul verbeelding laat gebruik. |
| **6.** Meer as 90% van die kinders het geantwoord **dat hulle meer kwaliteit tyd saam met hul ouers wil spandeer**. | 6. Spandeer kwaliteit tyd saam met die kinders. |
| 7. Ouers wat vir hul kinders omgee, **neem verantwoordelikheid vir hulle kind se lewe** en niks of niemand mag 'n ouer vervang nie. | 7. Neem verantwoordelikheid vir die kinders. |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C: TAAL

## NASIENRIGLYNE

- **Spelling vir eenwoord-antwoorde moet korrek wees om punte te verdien**.
- Indien een woord gevra word, bv. die korrekte vorm van die woord tussen hakies, mag die kandidaat die hele sin uitskryf soos dit op die vraestel gegee word. Dis slegs by Leesbegrip en Vraestel 2 waar die kandidaat gepenaliseer word indien die korrekte woord nie uitgelig of onderstreep word nie. Waar daar in Vraestel 1 spesifiek gevra word vir *een woord vir* ..., geld hierdie toegewing nie.
- **Spelfoute word gepenaliseer waar taalstrukture gevra word**.
  - o Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
  - o Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Waar afkortings getoets word, moet die punktuasie en die gebruik van klein- en hoofletters ook korrek wees om ʼn punt te verdien.
- Vir meervoudigekeusevrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.
- **LET WEL:** Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed.
- **LET WEL:** waar taalstrukture getoets word, word spelling gepenaliseer.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

**TEKS D: ADVERTENSIE**
[Aangepas en verwerk uit: GOOGLE PICTURES]

| VR. | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | Die app aflaai | (1) |
| 3.2 | D / deur die gebruik van vetgedrukte woorde.<br>(vetgedrukte woorde trek aandag, dit manipuleer nie die leser nie) | (1) |
| 3.3 | Sjoe!<br>(met of sonder die uitroepteken) | (1) |
| 3.4 | versekering | (1) |
| 3.5 | dooie | (1) |
| 3.6 | Jy/jou | (1) |
| 3.7 | (As jy iemand nodig het) **om jou motor na die naaste diensverskaffer te sleep,** (skakel OUT-surance.) | (1) |
| 3.8 | En | (1) |
| 3.9 | Gratis | (1) |
| 3.10 | Vroue word swakker as mans beskou/mans sal miskien dink om versekering vir hulle vroue uit te neem/vroue weet (gewoonlik) nie baie van motors af nie/hoe om ʼn motor reg te maak nie/manipuleer vroue om ʼn kliënt van OUT-surance te word/om ʼn versekering by OUT-surance uit te neem. | (1) |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: STROKIE**

**TEKS E: STROKIESPRENT**
[Bron: Onbekend]

| VR. | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | Die seuntjie sing/fluit. | (1) |
| | | |
| 4.2 | Knieë | (1) |
| | | |
| 4.3 | Sy (modder)koek/hartjie begin uitmekaar val/breek/smelt. | (1) |
| | | |
| 4.4 | **Blommetjie** | (1) |
| | | |
| 4.5 | Die seuntjie sê dat **hy** (vir) **sy** ma ŉ hartjie en ŉ blom **wil** gee | (1) |
| | | |
| 4.6 | Blitsvinnig | (1) |
| | | |
| 4.7 | Met | (1) |
| | | |
| 4.8 | Sy oë/sy mond/hy glimlag nie (meer nie)/hy lyk treurig/hartseer.<br>Sy gesigsuitdrukking<br>Sy liggaamstaal | (1) |
| | | |
| 4.9 | Haar vinger wys na hom/iets<br>Haar gesigsuitdrukking<br>Haar mond is oop<br>Die skreeborrel<br>Die weerligstraal | (1) |
| | | |
| 4.10 | Kyk hoe lyk my vloer!<br>Gaan onmiddellik uit!<br>Kyk na die gemors!<br>Wat het jy (hier) gedoen?<br>Ag nee man! Gaan uit.<br>Geen aanhalingsteken word (in ŉ strokie) gebruik nie.<br>(Begin met of ŉ **werkwoord** ŉ vraagwoord of met **jy moet**. Die uitroepteken is opsioneel. ŉ Vraag kan ook gevra word.)<br>*(Of soortgelyk binne konteks van die teks)* | (1) |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5: PROSA**

**TEKS F: VUVUZELAS: EIE AAN AFRIKA**
[Verwerk en aangepas uit Leesbegrip: Afrikaans Eerste Addisionele Taal/V1 DBE/November 2010]

| VR. | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1 | jy | (1) |
| | | |
| 5.2 | Koe<br>**Koe**doe/**Koe**•doe (*word ook aanvaar – die kandidaat moet slegs duidelik aantoon waar die klem geplaas word)* | (1) |
| | | |
| 5.3 | ŉ Koedoehoring is deur ou Afrika-stamme geblaas. | (1) |
| | | |
| 5.4 | **Later het** sokkerentoesiaste dieselfde geluid probeer namaak. | (1) |
| | | |
| 5.5 | Kapenaars | (1) |
| | | |
| 5.6 | Het hulle aanhou probeer tot die koedoehoring se klank perfek nagemaak is?<br>*(Die vraagteken moet daar wees om ŉ punt te verdien.)* | (1) |
| | | |
| 5.7 | Ou | (1) |
| | | |
| 5.8 | Sokkertoeskouers hou **nie** van die vuvuzela **nie**. | (1) |
| | | |
| 5.9 | Jy **kon** jou vreugde oor jou span se spel uitdruk (uitgedruk het). | (1) |
| | | |
| 5.10 | Hoe harder jy blaas, hoe beter speel die spelers. | (1) |
| | | |
| 5.11 | Judith Sephuma sê: “Ek is mal daaroor/hieroor.” | (1) |
| | | |
| 5.12 | Sy glo dis pret, want dit bou spangees en dis ons eie. | (1) |
| | | |
| 5.13 | Mnr. (hoofletter) | (1) |
| | | |
| 5.14 | negentiende<br>neëntiende | (1) |
| | | |
| **TEKS G: PRENT** | | |
| [www.neelsie.co.za] | | |
| | | |
| **VR.** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
| 5.15 | laggende | (1) |
| | | |
| 5.16 | spuit | (1) |
| | | |
| 5.17 | Leer in kous/klim ŉ leer/skoene is van leer gemaak/die leer van Moses (leerstelling) | (1) |
| | | |
| 5.18 | tafeldoek | (1) |
| | | |
| 5.19 | stoutste | (1) |
| | | |
| 5.20 | **Die** meeste kinders in die klas is stout. | (1) |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **20** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **80** |

Kopiereg voorbehou